

Grahamstad
Sondag, 21 April 1963

Heerlike klein mens,

Ek het eintlik 'n paar neutrale “in transit”-dae nodig gehad tussen die Kaap en terug-wees, net om die oorgang geleideliker te maak. Ná die week – en veral die drie dae – van verandering, moet ek nou met heelwat renons die óú bedreiging van die vaste, “veilige”, burgerlike bestaan van voor af belewe. Respectability. Die voorafbepaalde reaksie op die voorafbepaalde prikkel. Daar’s mense vir wie so ’n bestaan nooit ’n bedreiging is nie omdat hulle *in* hulleself te vry is om vasgekeer te kán word; maar ek moet my voortdurend verset juis omdat dit so maklik sou wees om maar dié opium te neem. Die Kaapse week, jý, het darem ’n teëmiddel gegee. Moet ek beleefd daarvoor “dankie” sê? Dit sou dit alledaags maak. Veral “ons” nag. Wat [T.S.] Eliot gesê het – “poetry can communicate before it is understood” – kan in sekere sin ook vir *mense* geld wat só, vry, deur seks by mekaar uitkom. Dis *juis* ’n kommunikasie wat goddank anderkant die woorde bly. Want waaruit sou my klein inventaris (veral in dié nugter daglig) kan bestaan?: ’n geur, herinneringe aan hande, hare en borste, stem, trane, sinisme, spel, rooiwyn; twee dubbele brandewyne; oë: wat spot, wat nee sê, wat vloek, wat minag, wat speel, wat ja sê, wat soet en bly is, of de-moer-in en bedonnerd ...! Só kom mens nêrens uit nie. Maar gelukkig is dié dinge net beginpunte; is herinnerings en liggame net titels van lang gedigte; en is ons “bymekaar slaap” ’n soort Mis-hou waarin die transsubstansiasie volkome is. (Is dít dalk ons “ongelowiges” se suiwerste religie? Waarom sou jy anders juis dán Here-God sê? – Giuseppe di Lampedusa se mooiste meisiekarakter sê dan: “Gésumaría!”)

Kan ’n liggaam self onthou? Ja. Ek dink eintlik dis ’n beter onthou as die onbetroubare “geheue”. Myne onthou joune. En dis nie vanweë die paar strategiese pyntjies of ’n merkje aan my skouer nie. Ook nie – hoop ek! – omdat ek maar “deel uitmaak van jou verdriet” nie: dis meer positief. Die liggaam se onthou, teenoor die brein s’n, is soos beeld-spraak tussen nugter woorde.

O.k. Sê nou maar: “Twak!” Of erger. Ek is nie besig met ’n Simone

de Beauvoir-dissertasie nie. Ek is eintlik net besig om langs 'n omweg te sê wat ek al gesê hét: dankie.

Tot tyd en wyl ek weer by jou kom, moet ek my tevrede hou met jou manuskrip (en jy moet maar laat weet wanneer jy voel dis tyd dat hy terugkom!) Gelukkig is daar 'n onverwagte vooruitsig dat dié terugkeer gouer sal wees as wat ek gemeen het. Die Studiekring-of-'n-ding op Stellenbosch wil hê ek moet nog in dié semester drie lesings daar kom hou. Dan kom ek op hulle onkoste eintlik vir jou kuier! Persoonlik het ek 'n skyt aan dié soort lesinghouery. William Styron (het jy sy *Lie down in darkness* geles?) het iets gesê soos: "One thing I can't stand is that a young writer, after having written one book, starts lecturing and giving pompous interviews on all sorts of subjects about which he knows nothing." Lewe Styron! Maar soms is 'n halsband kosbaarder as die hond wat hom dra.

O-heeere, en vanmôre kom hier toe nog 'n plegstatige telegram om my konde te doen dat dit die SA Akademie vir "Kuns" en Wetenskap behaag het om 'n "Eugène Marais Aanmoedigingsprys vir Drama" aan my toe te ken. Na die hilariteit waarmee dit begroet is, sit ek nou eintlik in 'n debakel: eerstens weet ek nie (en blykbaar niemand anders) watse ding dié prys is nie; ek weet nie eers op grond waarvan hy toegeken is nie; ook nie wat hy werd is nie. En nou? Moet ek terug laat weet: Deponeer toekenning in u anus? Of moet ek dit tong-in-die-kies aanvaar omdat ek 'n paar ekstra rand kan gebruik en tog g'n illusies het oor my dramatiese vermoëns nie? Of sou dit "oneerlik" wees? Sien, ek het lankal heimlik gehoop die Kakkademie ken my eendag 'n Hertzogprys toe sodat ek dié kan weier op grond van hulle onbevoegdheid om oor enige literêre waarde te besluit. (Of is dit verspot?)

Intussen is my grootste werk – en hoofbrekens – nou die tik van *Die ambassadeur/Die ongedurige kind*. Ek wil die ding nou klaarkry – as daar nie so baie veranderinge met die oortik gemaak moes word nie, het ek jou as professionele tikster gehuur. Nou snork ek maar self op – en jy bars as jy moan oor foute. Ek wil hê jy moet kennis maak met Gillian en Nicolette. (Gelukkig weet ek jy sal nie doekies omdraai nie!) Daar kom darem 'n fragmentjie in die tweede 60. Maar wanneer kom dié?

Bartho [Smit] het juis in sy jongste brief taamlik huiwerig geklink oor die finansiële vooruitsigte. Hy kom oor ’n paar dae hier aan; dan sal ek in elk geval eerstehands meer uitvind.

Ek het Rob [Antonissen] vanoggend gesien, en sonder dat ek daarna gevra het, het hy verwys na jou gedigte in 60 (wat hy blykbaar nou eers gelees het). Hy voel “baie opgenome” daaroor. Jy’t gesê jy steur jou nie aan kritici nie, maar dalk bring dit tog ’n kolletjie warmte. Jy het genoeg winterse dinge beleef. Ek weet ons staan vry teenoor mekaar, bind mekaar aan niks, verbind mekaar tot niks: maar ek wens ek kon by jou wees; en help. Nie net om ’n woonplek te kry en al die peuterighede van elke dag te deel nie; maar – dalk – om te help “om van alleenwees langsaam te genees”.

Moenie – Here, Ingrid – in Jan [Rabie] se huis doen wat jy wou doen nie. Daar is geen redelike gronde waarop ek jou kan – of wil – oortuig nie. Dalk dring ek daarop aan uit suiwer selfsugtige oorwegings. Maar *moenie*. Jy moet nog dinge maak soos “Begin somer”, “Dood van ’n maagd”, “Bitterbessie dagbreek”, “L’art poétique”, die reeks “Intieme gesprekkies”; en ons moet saam weer maak wat nie in Afrikaans “gemaak” kan word nie: liefde.

Die son roep my uit (dis hier al behoorlik winter); ek wil in die tuin gaan sit en [Paul] Éluard en Jonker lees.

Skryf, Ingrid. En laat my doen net wat ek moontlik kan om te help. Waarmee ook al.

Sê groete vir Chris [Lombard], en sê vir hom weer dankie. En skryf – vir ons – ’n gedig oor: “Die herinnering aan ’n aand is ’n appel”; en verbind dit met Adam-en-Eva se appel; en eet die appel aan die einde; en vra dan: En nou? Jy sal weet hoe. Ek is nie ’n digter nie.

Met liefde,
André.

Sondag, 5 Mei 1963

André my liewe hartjie,

Ek skryf vir jou nogal meer as wat ek pos – ’n ou gewoonte. Baie dankie vir die brief van Dinsdag, wat jy nie “behoort” te geskryf het nie! Ek hoop jy sal nooit weer voel dat jy dit of dat by my “hoort” nie – waarvan ek júis hou is jou oop eerlike impulsiewe reaksies. En dus was jou brief eintlik ’n heerlike verrassing en het ek ’n flater laat deurgaan op die voorblad van die *Strydkereet*. Maar ek het vir die werksvoorman gesê dis eintlik net 50% my skuld, wat hom ’n bietjie verwar het totdat ek ’n beter verskoning kan uitdink.

Raai wat? My kind het gister per vliegtuig aangekom en lê nou lekker warm en slaap in die kamer langsaan. Sy’t so oulik geword en wanneer ek nie meer kan berispe nie moet ek maar lag, veral as sy nog boonop vir my “klein mammatjie” noem! Ek sit nou hier by Jan se tafel waar ons Richard Rive se brief gelees het, onthou jy wel? Ek het gisteraand saam met Richard – jammer – het vir ’n oomblik aan Richard se brief gedink en gewonder waarom ek nie intuïtief “gewaarsku” was nie! Het gisteraand saam met Dan [Daniel] Kunene geëet, so ’n beskaafde siel, met ’n indrukwekkende soort waardigheid en vinnige begrip. Hy is lektor in Bantoe-tale aan die Universiteit van Kaapstad en op die oomblik hoof van dié fakulteit. Sal hom graag aan jou wil voorstel wanneer (wanneer?) jy afkom Kaap toe. Hy is ook vertaler van die African gedigte in die Penguin-uitgawe van Suid-Afrikaanse poësie. Probeer om vir ’n jaar lank oorsee te gaan vir ’n studietoer, maar watter gemors ... dis vir hom byna onmoontlik om uit die land te kom vanweë die agterdog ...

Het my nou die dag se brief jou vreeslik depress? Ek is nie ’n prosa-skrywer nie – maar soos jy sê, is daar nog ’n paar dinge in die lewe waarvoor daar Goddank geen woorde nodig is nie. Ek wil ook graag met jou praat maar hemelweet nie met woorde op ’n stuk papier nie. Wil jou ook nog vertel van my nuwe gedig gebaseer op die Hollandse Heks-tekst “Jy’t my getoor, towenaar ...” dan verskuif die gedig in so ’n droom-atmosfeer, maai ek alles af en staan naak en sielalleen en gelukkig, totdat die “spel”

verbreek word en ek moet “terug na my bloedverwante / terug na my naasbestaandes / terug na die voorgeboort-e-like dood / waar ek hoort”.

André, jy praat van dinge besweer, is dit reeds ’n aanduiding dat hulle aan die verlore gaan is, want “what is actual is actual only for one time / and only for one place / I rejoice that things are as they are and I renounce the blessed face ...” Om iets te laat dúúr, sal jy dáárvor ’n towermiddel vind, Towenaar? Kind, ek voel gedwarsboom en het toe jou portretjie in *Die Huisgenoot* gaan opsoek dat ek darem kan sien hoe jou “verklaarde” gesig lyk ... dis raar om iemand so skielik en volkome te ontdek en daarna die *fisiese afstand* soos jy dit noem, dat alles nou daarop moet berus en geskied ...! Intussen swem ek in die yskoue water van Clifton en werk, en ontvang, lyk dit, honderde mense ... en slaap verskriklik baie!

Die gedigte wat jy aan my gestuur het, is weer eens ’n bewys van jou verbasende ontvanklikheidsvermoë en hoë emosionele tempo – wat natuurlik die broodnodigste is vir die hele ingewikkelde organisasie van die kunstenaar se gereedskap. Wat nog in dié gedigte kortkom is die *tegniese onderskraging*, wat wel later kom (as jy daarmee sal volhou en ek weet jy behoort (en nou behoort jy) dit te doen). Die digkuns lê net onder die oppervlakte van jou hoogs liriese prosa van *Lobola* en *Caesar*. Ek sien baie uit na *Die ongedurige kind*, jy sal my hoegenaamd nie daarmee *opsaal* nie, ek wag die koms daarvan af in die vreugde waarop ek ook ’n reg het. Om terug te kom na die gedigte ... Mees geslaagd vir my is “Through the looking-glass” en veral “die aarde wat soos ’n sydissel-saadjie” wegdryf. (Die twee mense aan wie ek die gedigte in vertrouwe gewys het – Chris [Lombard] en Freda Linde, het albei sonder huiwering in byna dieselfde woorde gesê, alhoewel hulle nie die gedigte as *geheel* geslaagd beskou het nie: “Maar daar bestaan geen twyfel nie; he’s our man.”) Ook hou ek van “Meisie” vanaf: “jý: jy speel met die hemel” en veral “klein Midas-kind / onder jou vingers / word alles poësie ...” Ook van kom slaap by my en van die woorde wat soos stout kinders in donker kamers speel. Ek hoop jy sal aangaan, lank, baie lank nadat die oorspronklike inspirasie getaan het ... Stuur vir my alles wat jy skryf, en wanneer ons bymekaar is wil ek graag alles, reël vir reël, met jou nagaan,

ook omdat ek, weet ek reeds, soveel van j^oú kan leer. Maar nou skryf ek nie 'n woord verder nie. Net nou glo jy ek is verlief op jou! Maar bel my een aand (wanneer jy die brief kry). Fixed time en Personal. Dan hoor ek wel jou stem en sien of dⁱt waar is!

Tot dan, skat,
Ingrid.

Ns. Wat is jou tweede naam? IJ.